### *Twee Matthéüse - die tollenaar en die skrywer. Die twyfel van Johannes die Doper*

**122** En die jonge huisheer Matthéüs, die tollenaar (wat nie verwar moet word met die Matthéüs wat slegs `n skrywer was nie - daarom staan in die Skrif die byvoegsel 'tollenaar' as dit oor hom gaan), roep My leerlinge, die fariseërs en die skrifgeleerdes binne en hulle gaan aan tafel sit en eet en drink dat dit `n lus vir die oë was. Slegs Judas was hierdie keer baie matig, want hy was bang vir `n hoë rekening en van betaal was hy, soos maar al te bekend, geen groot vriend nie.

[2] Tydens die goeie samesyn, waarby die fariseërs en skrifgeleerdes ook met die tollenaars en sogenaamde sondaars steeds beter oor die weg kom, kom **`n kombuismeisie** na die huisheer toe en sê: “Wat moet ons nou doen? Die vissers het nou pas aangekom, hulle het vis gebring en wil iets te ete en te drinke hê, maar omdat ons vandag toevallig soveel vreemde gaste gehad het wat so goed as ons hele voorraad opgeëet het, weet ons in die kombuis nie wat ons moet doen nie.” **Matthéüs,** die tollenaar, vra: “Hoeveel is hulle?” **Die kombuismeisie** antwoord: “Daar is twintig.” Toe sê **Matthéüs,** die tollenaar: “Laat hulle maar binnekom, hier is nog genoeg voorraad!”

[3] Die meisie gaan terug en sê dit aan die vissers. Hulle kom na die groot gelagkamer (eet- en drinksaal) en gaan dadelik aan `n klein tafeltjie sit wat net oopgegaan het.

[4] Toe die vissers egter vir Petrus en `n aantal van hulle vroeëre kollegas herken, groet hulle mekaar, waarby **die vissers dadelik** `n bietjie tergend, omdat dit daar op hulle tafel ietwat maerder daar uitsien as op ons s’n, aan Petrus sê: “Vir ons is dit wel voldoende, want ons is nog egte getroue leerlinge van Johannes en dit is ons gesê om te vas. Julle kan egter, as nuwe leerlinge van JaHshua, na hartelus eet soos ons sien; want van vas skyn by julle geen sprake meer te wees nie!” *(Matthéüs. 9: 14)*

[5] **Petrus** sê: “Johannes het gevas vir dit wat ons het, en ons het gevas saam met hom volgens sy leer en strenge prediking. Johannes kondig die Een aan by wie ons is en hy getuig van Hom. Toe hierdie Een egter kom en Homself selfs deur Johannes laat doop, vertrou Johannes nie geheel en al op sy gevoel nie, en dit doen julle ook nie. Want terwyl Johannes onder die invloed van die Gees oor JaHshua getuig en toe hy na Hom toe kom en aan ons sê: Kyk, Hy wat daar kom, dit is die Een van wie ek aan julle gesê het dat Hy ná my sal kom, van wie ek nie waardig is om die rieme van Sy skoene los te maak nie!”, had hy tog nog sy verborge twyfels, net soos julle en hy twyfel tot op hierdie uur nog. Daarom vas hy nog steeds en julle vas ook; by ons gelowiges word egter nie meer gevas nie! Dat julle nog vas, is julle eie skuld! En so hoort dit ook, want net soos die blinde sy oë nie kan versadig met die lig en van haar kleur nie, so sal ook diegene wat in hul hart blind is, hul hart en hul maag nie kan versadig nie. Verstaan julle dit?

[6] As Johannes geglo het, dan sou hy die Lam gevolg het wat volgens die getuienis van sy gees die sondes van die wêreld sou wegneem. Maar omdat sy siel self twyfel aan die Een wie se Gees in hom en deur hom getuig, bly hy in die woestyn agter totdat Herodes hom gevange geneem het, soos ons gehoor het.

[7] Waarom volg hy Hom dan nie, terwyl hy tog aan ons, deur die gees gedrewe, sê: “Na Hom moet julle luister!”? Waarom wil hy Hom dan nie hoor nie? Waarom volg hy Hom nie dadelik, terwyl hy daarvoor tog sy hele lewe so hard op homself was ter wille van Hierdie Een wat gekom het? Dit is aan ons nie bekend dat Hy, wat ons volg, hom ooit verbied het om Hom te volg nie. Gee my daarom eers `n duidelike rede waarom Johannes nie dadelik vir JaHshua gevolg het nie!”

[8] Nou kyk die leerlinge van Johannes op en weet nie wat hulle Petrus moet antwoord nie. Slegs **een van hulle** merk op dat die berig nie juis was dat Johannes deur Herodes gevange geneem was nie; Herodes het hom slegs na sy residensie ontbied om daar alles van hom te wete te kom oor die komende Messias van Elohim. Herodes sou te veel agting vir Johannes hê om hom in `n gevangenis te wil opsluit.

[9] `n Bietjie gekskerend sê **Petrus** daarop: “As dit nou nog nie gebeur het nie, dan sal dit tog sekerlik nie lank meer duur nie! Want Herodes is `n sluwe jakkals en hy is net so weinig te vertrou as `n slang.”

### *Die getuienis van Johannes die Doper. Die gelykenis van die bruidegom, die bruilofsgaste en die bruid*

**123** Na hierdie gesprek eet die leerlinge van Johannes weer verder en ons doen dieselfde. Slegs `n paar fariseërs vas streng en wil tot met sononder niks eet nie; want hulle kon hier by die Grieke geen ongesuurde brood kry nie en daarom vas hulle, terwyl die meerderheid van hulle kollegas en die skrifgeleerdes dit vir hulle heel goed laat smaak.

[2] `n Rukkie later, toe die wyn die leerlinge van Johannes ietwat spraaksamer en moediger gemaak het, gaan daar **een van hulle** staan en wil van My

weet waarom hulle as leerlinge van Johannes so veel en streng moet vas en waarom Ek en My leerlinge dit nie doen nie en hy vra My: Majesteit en Meester! Waarom vas ons en ook die fariseërs nou so baie, terwyl U leerlinge nie vas nie.

[3] En **Ek** sê aan hom: "Vriend, jy was by Johannes toe die manne hom die berig van My oorgebring het dat Ek die mense doop en dat baie My volg. Sê hier nou hardop voor almal: Wat antwoord Johannes?" **Die leerling van Johannes** sê: "Toe praat en antwoord Johannes: "`n Mens kan niks neem nie, tensy dit hom deur die hemele gegee word. Julle is my getuies dat ek gesê het dat ek nie die Messias is nie, maar slegs voor Hom uitgestuur is. Wie die bruid het, hy is die bruidegom; die vriend van die bruidegom hoor hom aan en verheug hom oor die stem van die bruidegom! Daardie vreugde is nou myne! Hy moet groter word, ek moet egter kleiner word! Dit wat van bowe neerdaal, is bo almal; wie van hierdie aarde is, is slegs van hierdie aarde en praat oor niks anders as oor hierdie aarde nie. Slegs Hy wat van die hemele kom, is bowe almal!"

[4] En Johannes het toe opgehou en noem op wat hy alles gesien het en hoe hy van Hom getuig het, maar betreur ten slotte diep sugtend dat sy getuienis, wat so waarheidsgetrou was, deur niemand aanvaar sal word nie. Wie dit egter tog sou aanvaar, raai hy aan om vanweë die gevare van die wêreld die groot waaragtigheid van Elohim verseëld in homself te bewaar.

[5] Ook al weet hy dat die Een wat ongetwyfeld slegs deur Elohim gestuur is, slegs die suiwere woord van Elohim sal spreek, en hy dit dan nog waag om aan die wêreld toe te gee, omdat hy die slegte wêreld wat die vyand van Elohim is, méér as Elohim vrees vanweë sy ellendige liggaam wat ook wêrelds is en hom na die wêreld rig! Watter sin het dit egter as `n mens in jouself Elohim se maatstawwe ken, maar die wêreldse maatstawwe nie kan loslaat nie?! Elohim gee egter nie Sy gees aan iemand volgens die maatstawwe van hierdie wêreld nie en daarom is diegene verwerp wat Elohim se Gees wel herken het, maar desondanks aan die wêreldse vassit en die Ewige Lewe nie in homself het nie!

[6] "Maar", gaan **Johannes** verder, "wie in die Seun glo, is vervul met die Ewige Lewe; want die Seun Self is die lewe van die Vader! Wie egter nie in die Seun glo nie, het ook nie die Ewige Lewe nie en die ou toorn van Elohim bly sy deel!"

[7] Kyk, dit het Johannes toe gesê; maar tot op hierdie uur was daar niemand van ons wat in staat was om die betekenis van sy woorde heeltemal te verstaan nie. Ons verstaan wel dat hy U bedoel het; maar hoe kan ons die samehang van dit alles ten volle insien en begryp?"

[8] **Ek** sê: "As julle dit nou van Johannes oor My gehoor het, dan moet julle tog weet dat Ek die bruidegom is wat Johannes bedoel het! Maar as Ek die bedoelde bruidegom is, dan is al die mense rondom My heen tog My bruilofsgaste?"

[9] **Die leerling van Johannes** sê: "Maar waar is dan die mooie hemelse bruid? Sonder bruid kan U tog geen bruidegom wees nie?"

[10] **Ek** sê: "**Hierdie bruilofsgaste van My is tegelykertyd ook My bruid**. Want hulle wat My woord hoor, dit in hulle hart bewaar en daarvolgens lewe, is werklik My bruid, netsoos hulle ook My bruilofsgaste is. En hoe is dit moontlik dat die bruilofsgaste bedroef kan wees solank die bruidegom by hulle is? Maar as die tyd daar is dat die bruidegom van hulle weggeneem word, dan sal hulle ook vas" *(Matthéüs. 9: 15)*

[11] Oor hierdie antwoord is die leerlinge van Johannes baie verwonderd en ook `n bietjie vies; want hulle dag, omdat Ek dit aan hulle sê met `n ligte glimlag op My gesig, dat Ek hulle `n bietjie terg. En **die een leerling van Johannes** sê dan ook `n bietjie venynig: "Merkwaardig! Elohim se gees spreek deur Johannes en hierdie Gees sou haarself deur U in nog sterkere mate moet manifesteer omdat Johannes se getuienis op U betrekking gehad het! Maar dit is vreemd dat dieselfde goddelike gees deur Moses, al die profete en ten slotte deur Johannes steeds op dieselfde manier die armsalige mense van hierdie aarde oproep tot `n streng boetvaardige lewe, waaraan `n mens homself streng moet onderhou, terwyl U in U dade die algehele teendeel daarvan skyn te wees en te onderrig! Volgens Moses was iemand al onrein sodra hy die huis van `n sondaar betree het en moet hy homself dan reinig; ook as iemand op die sabbat met `n maagd omgang het of op `n ander dag met `n vrou wat menstrueer, moet hy homself laat reinig, en so was daar nog vele ander streng voorskrifte. U en U leerlinge skyn egter in geheel geen rekening te hou met die sabbat en ook nie met die rein hou van die persoon nie! Hoe so - is U leer dan goddelik, soos die leer van die profete?"